

Die Here sal vir julle Stry

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B397A

Skriflesing uit Ex.14: 1- 31

Kernverse 13,14: 'Maar Moses het aan die volk gesê: wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van die Here wat Hy vandag vir julle sal bewerk; want soos julle die Egiptenaars vandag sien, sal julle hulle nie weer sien in ewigheid nie. Vers 14: Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees.'

Dis 'n baie bekende gedeelte in die Here se Woord, maar wat beteken dit vir u en vir my vandag? Van my kinderdae af is die Bybel vir my 'n praktiese boek. Geskiedkundig – definitief; profeties – beslis; maar ook kontemporer!

Vir elke oomblik en vir elke faset van my lewe, in my familielewe, my nasionale lewe, en in my verhoudings. Ook my verhouding as lid van die wêreldbevolking moet die Woord van God vir my 'n boodskap hê.

So 'n boodskap het hierdie gedeelte in Ex. 14 dan ook vir ons, vir vandag. Mag die Woord van God vir u 'n heerlike, bonsende, tintelende weklikeid in u lewe wees en dat God as 'n werklikeid vir u in hierdie ruwe ou wêreld sal wees.

Ek wil vir u moed gee veral hier met verse 13 en 14 waar Moses vir die volk sê om nie te vrees nie en dat die Here vir hulle sal stry. Rom. 15:4 sê dat alles wat vantevore geskrywe is vir ons tot lering en teregwyding geskryf is sodat ons met bemoediging van die Skrifte hoop kan hê.

Paulus het net die Ou Testament gehad wat vol is van die majesteit en heerlikeid van die God van Israel. Dit is vol van die vaderlike en tederlike leiding en skoling en voorbereiding van God se volk. Soos 'n vader met sy seun, waar nodig was, het Hy getugtig en waar dit nodig was, ook Sy hand van beskerming uitgesteek om te verlos en waar nodig, het Hy ook geseën.

God is besig met 'n magtige demonstrasie van Sy Godsplan en om dit te openbaar aan u en my wat gekom het by die afronding van die einde van hierdie eeu. Alle Christenkerke stem saam dat ons gekom het aan die vooraand van die Wederkoms van ons Here Jesus Christus.

Die Here het vir ons 'n voorskou gegee van Sy hele Godsplan wat in hierdie dae waarin ons leef herhaal gaan word